



**BOSVELD JAGTERS
EN WILDBEWARINGSVERENIGING**

HOE RAAK JAGWETGEWING IN LIMPOPO PROVINSIE MY AS AMATEURJAGTER?

- 1. Wilde diere in die Limpopo Provinsie is in vyf (5) kategorië verdeel nl;**
Spesiaal Beskermdde wilde diere, Beskermdde wilde diere, Wild, Wilde diere en Nie-Endemiese wilde diere.
Dit is dus vir my as jagter belangrik om te weet in watter kategorie die spesie val wat ek wil jag.
- 2. Het die plaas waarop ek gaan jag vrystelling vir die spesie wat ek wil jag?**
Vrystelling word aan 'n plaas verleen waarvan die omheining sodanig is dat dit sekere wilde diere wat op daardie plaas voorkom suksesvol kan binne hou. Die grondeienaar moet in besit wees van 'n Vrystellings permit wat hy elke drie jaar moet hernu. Op die permit sal die spesies gelys wees waarvoor vrystelling verleen word.
- 3. As die plaas nie vrystelling het nie, wat dan?**
Dit word van jou verlang om 'n permit te bekom as jy spesies wil jag wat Spesiaal Beskermdde wilde diere, Beskermdde wilde diere of Wild (gedurende toe seisoen) is.
- 4. Jag van spesies in die Wild kategorie**
Spesies in hierdie kategorie gelys is wilde diere wat volop in die provinsie voorkom en die meeste gejag word. In die oop seisoen word 'n jaglisensie benodig, en in die toe seisoen 'n jagpermit soos by punt 3 hierbo.
Die grondeienaar of sy direkte familie mag spesies in hierdie kategorie jag sonder 'n lisensie gedurende die oop seisoen.
- 5. Oop- en toe seisoen, wanneer is dit en hoe werk dit?**
'n Oop seisoen vir jagdoeleindes word vasgestel deur die departement en word bekend maak in die Provinsiale Gazette. Dit bevat inligting tot die persone of kategorie van persone op wie die seisoen van toepassing is, spesie en geslag van Wild-kategorie wilde diere wat gejag mag word en die area of kategorie van areas/distrikte.
- 6. Jag van wilde diere wat nie Spesiaal Beskermdde wilde diere, Beskermdde wilde diere of Wild is nie (dus kategorie Wilde diere)**
Die jag van spesies in hierdie kategorie kan geskied enige tyd van die dag of nag en ook enige tyd van die jaar. Die jagter benodig slegs die skriftelike toestemming van die grondeienaar.
- 7. Skriftelike toestemming om te jag**
Skriftelike toestemming word *altyd verlang* ongeag die kategorie wilde diere wat gejag word en of die plaas vrystelling het of nie.
- 8. Jag gedurende die nag**
Hierdie periode strek van 'n halfuur na sononder tot 'n halfuur voor sonop die volgende dag. 'n Permit word benodig vir die jag van Spesiaal Beskermdde wilde diere, Beskermdde wilde

diere, Wild of Nie-Endemiese wilde diere tydens hierdie periode, ongeag die seisoen. (kyk ook punt 6 hierbo vir kategorie Wilde diere)

9. Die jag van Nie-Endemiese wilde diere.

Die jag van spesies in hierdie kategorie kan geskied enige tyd van die dag (maar nie in die nag) en ook enige tyd van die jaar. Die jagter benodig slegs die skriftelike toestemming van die grondeienaar.

10. Jag in natuurreserve

‘n Permit word ten alle tye benodig vir alle kategorië wilde diere.

11. Jag van roofdiere onder sekere omstandighede (jagluiperd, bruin- en gevlekte hiëna, luiperd en leu)

‘n Permit word benodig om hierdie spesies te jag met lokaas of die nabootsing van die dier se geluid.

12. Watter vuurwapens is verbode vir jagdoeleindes?

Vir die jag van Spesiaal Beskermdde wilde diere, Beskermdde wilde diere, Wild of Nie-Endemiese wilde diere mag jy **nie** gebruik:

- ‘n outomatiese of semi outomatiese vuurwapen nie
- ‘n vuurwapen met ‘n randonsteking rondte en kaliber van 5,6mm nie.
- ‘n haelgeweer nie
- ‘n luggeweer nie

Die wet maak ‘n uitsluiting vir grondeienaars of hul direkte familie wat Spesiaal Beskermdde wilde diere, Beskermdde wilde diere, Wild of Nie-Endemiese wilde diere met enige vuurwapen mag jag op daardie eienaar se grond.

13. Mag ek dan glad nie my haelgeweer gebruik nie?

Die wet maak ‘n uitsluiting met betrekking tot ‘n haelgeweer deur dat dit gebruik kan word slegs vir die jag van voëls en hase.

14. Die besit en vervoer van vuurwapens in ‘n gebied waar wilde diere voorkom

As jy op die plaas is met ‘n vuurwapen in jou besit, moet jy die skriftelike toestemming van die grondeienaar in jou besit hê.

As jy die vuurwapen vervoer moet dit ontlaai wees en toe wees in ‘n geweursak of –tas of ander houer ontwerp vir daardie doel. Die wet maak ‘n uitsluiting vir handwapens waarvan die looplengte nie langer as 102mm is nie.

15. Wat van ‘n boog?

‘n Boog mag slegs gebruik word as jy die houer is van ‘n boogjag permit. Sommige jagplase het reeds boogjag vrystelling en dan word slegs die grondeienaar se skriftelike toestemming benodig.

16. Mag ‘n hond gebruik word vir jagdoeleindes?

‘n Hond mag slegs gebruik word vir die jag van voëls en die opvolg van ‘n wilde dier wat gewond was tydens ‘n wettige jag.

17. Hoekom word ek as ‘n amateurjagter geklassifiseer en nie as ‘n beroepsjagter nie?

‘n Beroepsjagter jag of vergesel ‘n ander jagter teen vergoeding en is die houer van sodanige permit.

18. Vevoer van wildkarkasse

Verkry ‘n brief van die grondeienaar met sy besonderhede asook karkas beskrywings

<p>SPEZIAAL BESKERMDE WILDE DIERE</p> <p>Olifant Erdvark Kleingekoldekat Lichtensteinse hartbees Ietermagog Rooiduiker Swartrenoster Witrenoster Bastergemsbok (Roan) Tropiese grysbok (Sharpe's) Soenie Wildehond Krokodil</p> <ul style="list-style-type: none"> • <i>Benodig permit en grondeienaar se skriftelike toestemming</i> 	<p>WILD</p> <p>Rooikat (geen vrystelling) Bobbejaan (geen vrystelling) Blouaap (geen vrystelling) Eland Gemsbok Gewone duiker Rooibok Koedoe Njala Rooihartbees Springbok Waterbok Nonnetjies eend (geen vrystelling) Geelbekeend (geen vrystelling) Bospatrys (geen vrystelling) Natalse fisant (geen vrystelling) Rooivlerkpatrys (geen vrystelling) Laeveldpatrys (geen vrystelling) Bosveldfisant (geen vrystelling) Kolgaans (geen vrystelling) Wildemakou (geen vrystelling) Gewone tarentaal (geen vrystelling) Rooibekeend (geen vrystelling) Bleshoender (geen vrystelling) Kransduif (geen vrystelling)</p> <ul style="list-style-type: none"> • <i>Benodig 'n permit in toe seisoen en jaglisensie in oop seisoen asook grondeienaar se skriftelike toestemming.</i> • <i>Op Vrystellingsplase word slegs die grondeienaar se skriftelike toestemming benodig</i>
<p>BESKERMDE WILDE DIERE</p> <p>Aardwolf (geen vrystelling) Siwet (geen vrystelling) Vaalboskat (geen vrystelling) Buffel Nagaap (geen vrystelling) Bosnagaap (geen vrystelling) Kaapse otter (geen vrystelling) Bakoor jakkals (geen vrystelling) Bruin hyena (geen vrystelling) Gevlekte hiëna (geen vrystelling) Oorbiedjie Gewone rietbok Rooiribbok Vaalribbok Swartwitpens Tierboskat (geen vrystelling) Steenbok Basterhartbees (tsebebe) Jagluiperd (geen vrystelling) Luiperd (geen vrystelling) Leeu (geen vrystelling) Klipspringer Silwervos (geen vrystelling) Kameelperd Volstruis Gewone tortelduif Grootringduif Rooiborsduif Luislang (geen vrystelling)</p> <ul style="list-style-type: none"> • <i>Benodig permit en grondeienaar se skriftelike toestemming op plase sonder vrystelling. Plase met vrystelling is slegs grondeienaar se skriftelike toestemming nodig</i> 	
<p>NIE-ENDEMIESE WILDE DIERE</p> <p>Swartwildebees Blesbok Blouduiker Bontebok Kaapse grysbok Bergsebra</p> <ul style="list-style-type: none"> • <i>Benodig slegs die grondeienaar se skriftelike toestemming</i> 	<p>WILDE DIERE - enige wilde dier wat nie onder die bogenoemde kategorië gelys is nie soos o.a.;</p> <p>Vlakvark Bosvark Ystervark Rooijakkals</p> <ul style="list-style-type: none"> • <i>Benodig slegs die grondeienaar se skriftelike toestemming</i>

- *Die inhoud van hierdie lys is nie volledig nie, dit sluit slegs spesies in met 'n moontlike jagwaarde. Indien 'n teiken spesie nie gelys is nie, maak seker van die spesie se status.*